# Arbeidsbediening in die Tuinroete
## Kwartaalverslag van Bedieningskonsultant
## Eerste kwartaal 2023

**Werkersdag het ontstaan toe klipmesselaars** op 21 Apr 1856 in die stad Victoria Australië hulle gereedskap neergelê het ten einde 'n agt-uur werksdag af te dwing.
Die gebruik om 1 Mei as werkersdag te gedenk het ook in 1886 in Chicago Amerika pos gevat toe die werkersklas daar ook gestaak het om 'n agt-uur werksdag af te dwing en sodoende klem te lê op die menseregte van werkers, o.a. op die reg op billike vergoeding. Sedertdien het die gebruik ook na ander lande versprei.
In Suid-Afrika is werkersdag die eerste keer ná die demokratiese verkiesing van 1994 gevier.
Die doel is om die regte van die werkersklas te beklemtoon, maar veral op die stryd teen Apartheid en op die gedwonge skeiding en gevolglike diskriminasie en onbillikheid waartoe dit dikwels in die Markplek gelei het, te fokus.
Intussen het daar wêreldwyd 'n beweging aan die gang gekom om die christendom te motiveer om 'n Bybelse waardestelsel vir alle werknemers en werkgewers in die Markplek te vestig as teenvoeter vir die kommunisties-sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing...
Arbeidsbediening kan 'n leidende rol in dié beweging speel...



'n Groep vrolike jongmense vier Werkersdag in die strate van Johannesburg.

**Ons leef en werk in 'n uitdagende tydvak van ons geskiedenis.**
Arbeidsbediening onderneem nie sy aktiwiteite in isolasie nie. Ons leef tussen werkgewers en werknemers in die Markplek as een van die belangrikste vennote van die ekumeniese kerk in ons omgewing. Dit is inderdaad 'n tydvak wat geweldige groot uitdagings aan die kerk in die algemeen en aan die kerk se onderskeie bedieninge, stel. Terselfdertyd skep dit egter ook vir ons unieke geleenthede vir ons publieke getuienis. Faktore soos die politieke onsekerheid, ekonomiese onstabiliteit en ekologiese onvoorspelbaarheid skep saam die perfekte storm wat ons almal op een of ander wyse, in minder of meerdere mate tref. Dit is nie sonder gevolge nie:

- **Toekomsverduistering** - the future ain't what it used to be."
  As gevolg van die effek wat die "perfekte storm" op hulle het, is baie mense besig om hoop te verloor. Hulle beleef 'n soort bestaansangs wat dikwels tot diepe neerslagtigheid en selfs depressie aanleiding kan gee. Ander ervaar weer gevoelens van woede en aggressie, wat dikwels tot fisiese geweld kan lei.

- **Verlies van ons morele kompas** - die gryp en rape kultuur.
  Ten spyte van die feit dat byna 75% van ons land se inwoners aangedui het dat hulle aanhangers van die Christendom is, word ons desondanks in toenemende mate 'n gesekulariseerde samelewing wat gekenmerk word deur die oorbeklemtoning van die regte van die individu en die vryheid van die persoon "to be the captain of my soul and the master of my fate."
  Baie mense voel hulle nie meer gebonde aan 'n kollektiewe moraliteit nie, allermins aan die beginsels en waardes wat deur die kerk voorgehou word nie.

- **Gehalte van Leierskap** - die gehalte van leierskap wêreldwyd is in 'n krisis gedompel. Baie van die leiers - ook in Suid-Afrika - is niks meer nie as populistiese toergidse wat mense neem na waar hulle graag **WIL** wees, in plaas daarvan dat hulle hul gesag gebruik om hulle volgelinge te begelei na waar hulle **MOET** wees. Dit grens dikwels aan opportunisme....

**Arbeidsbediening Tuinroete se fokus:**
Teen hierdie agtergrond fokus Arbeisbediening ons werksaamhede op:

- **Evangelisasie:**
  Ons verkondig die Koninkryk van God in die Wêreld van Werk. Na raming is 60% van George se werkersmag - werkgewers en werknemers - nie aan 'n formele kerk verbind nie. Vir 'n beduidende getal van dié persone is Arbeidsbediening die enigste kerk wat hulle ken.

Die corona pandemie en die gepaardgaande inperkingsmaatreëls het egter ook ons werksaamhede aan bande gelê. Ons het tans 11 geestelike werkers wat 26 besighede besoek. Ons bereik op dié manier gemiddeld 476 mense per week met die Goeie Nuus dat daar 'n nuwe Koning is. "Elke knie sal buig en elke mond bely dat Jesus die Here is" (Fil 2: 10 -11). Bybels word deurlopend beskikbaar gestel aan mense wat nie 'n Bybel het nie. Ongeveer 70 Bybels in Afrikaans, Engels, Xhosa en Sesotho is die afgelope jaar versprei. Ten spyte van die uitdagende tye waarin ons leef, seën die Here ons getuienis.

- **Toerusting:**
  Ons missie is om in samewerking met ander vennote en kerke 'n Bybelse waardestelsel in die Markplek te vestig wat getuig van geregtigheid, billikheid, eerlikheid, betroubaarheid, ens. Daarom wil ons werkgewers en werknemers ondersteun om geloofsgetrou in die Markplek te lewe. Die Bright Star Life Skills Program wat ons onder andere aanbied, leer vir mense die kundigheid en vaardighede om hulle werk met integriteit te verrig.

- **Opleiding:**
  Omdat ons terdeë daarvan bewus is dat ons aan 'n baie professionele Markplek 'n diens lewer, streef ons daarna om ons bestaande Dienswerkers wat ons uitstuur deurlopend op te lei en nuwe Dienswerkers behoorlik te akkrediteer. Ons het onlangs weer 'n opleiding werkswinkel te Worcester aangebied waar 'n groep van 10 nuwe Dienswerkers uit die Breederivier streek hulle sertifikate ontvang het. Die opleiding sluit onder andere die Lukas 10 Transformasie program in as 'n Bybelse model vir Evangelisasie.

**Die Think Tank Werkswinkel:**
Die Think Tank program is deur IMSA Wes-Kaap ontwikkel om Plaaslike Aksie Komitees van Arbeidsbediening te help om na die eis van omstandighede 'n eie Bedieningstrategie te ontwikkel, aan die hand van die Projekindeks wat deur Nehemia gebruik is tydens die heropbou van die mure van Jerusalem.



Die groep persone van Arbeidsbediening Worcester wat die Akkreditasie werkswinkel bygewoon het.

**Partners for Possibility:**
Die ondersteuning van die leierskap van voorheen benadeelde skole bly vir ons 'n prioriteit.




Floors Meyer oorhandig skryfbehoeftes aan Bernard Schoeman, skoolhoof van Diepkloof Laerskool.

**Sosiale media:**
Dit bly 'n uitdaging om in 'n oorgekommunikeerde wêreld jouself hoorbaar te maak. Volg ons op Facebook by:

**https://web.facebook.com/IMSAGardenRoute/**

**Ons opregte dank vir u volgehoue voorbidding en ondersteuning vir Arbeidsbediening in die Tuinroete.**

**Floors Meyer (konsultant)**
**Sel: 0826842735 Epos: floors@mweb.co.za**
**Arbeidsbediening in Tuinroete**
**ABSA: Tjekrekening**
**No: 890590586 Tak: Yorkstraat, George**